

Vrystaters toer na KZN

Die Suid-Afrikaanse Vleismerino (SAVM) Vrystaat-klub hou jaarliks 'n toer vir sy klublede. Vanjaar se toer onder leiding van Piet Uys, klubvoorsitter, en PW van Heerden, klubsekretaris, was na KwaZulu-Natal. Besoek is afgelê aan Cobus Botha, SAVM-boer, se plaas buite Bethlehem. Daar was ook besoeke aan Pannar Kroonstad (Neil Snyders) en Voermol se fabriek in Tongaat, waar Leon van Dijkhorst, sentrale streekbestuurder van Voermol, die toergroep onthaal het. Op die bus terug het *Veeplaas* 'n unieke advertensieveling onder leiding van Johan Janse van Vuuren van CMW Tegniese Dienste gehou vir volgende jaar se toer. Tiny Smith van *Veeplaas* het die toer meegemaak. **VP**



PW van Heerden van die Van Heerden SAVM-stoet in Wesselsbron besigtig die werksaamhede in Pannar se laboratorium.



Hennie Blomerus van Kroonstad bedank Cobus Botha van Bethlehem vir die aangename dag wat die groep by hom kon spandeer.



Die groep boere wat die toer meegemaak het.